# God se groter prentjie



**2025-11-09**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Fil 1:3-11

Fil 1:3  Ek dank **my God** elke maal as ek aan julle dink—
4  en ek **bid altyd** in al my gebede vir julle almal met **blydskap**—
5  oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe,
**6  omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus**;
7  soos dit vir my reg is om dit van julle almal te dink, **omdat ek julle in my hart dra**, aangesien julle almal in my boeie sowel as in die **verdediging en bevestiging van die evangelie** my deelgenote in die genade is.
8  Want God is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus.
9  En dit bid ek dat julle **liefde** nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring,
10  om die **dinge waar dit op aankom**, te **onderskei**, sodat julle **rein** en vir **niemand 'n aanstoot** mag wees nie, tot op die dag van Christus,
**11  vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.**

2

# Oefen nou vir die ewigheid

1 Kor 9:24  Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.
25  En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—húlle nogal om 'n verwelklike **krans** te ontvang, maar ons 'n onverwelklike.
26  Ek hardloop dan soos een wat **nie onseker is nie**; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.
**27  Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.**





3

# Staan op en word verlig

**Jes 60:1  Staan op, word verlig**; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.
2  Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; **maar oor jóu sal die HERE opgaan,** en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.
3  En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.
4  Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra.

**Joh 1:9**  Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Gen 1:3  En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.

**Fil 2:15**  sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van **'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld**,



4

# Alles in en deur Jesus Christus

Ef 3:14  Om hierdie rede **buig ek my knieë** voor die Vader van onse Here Jesus Christus,
15  van wie **elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam on**tvang,
16  dat Hy aan julle **mag gee** na die rykdom van sy heerlikheid om met **krag** versterk te word **deur sy Gees** in die innerlike mens,
17  **sodat Christus** deur die geloof **in julle harte kan woon**, julle wat in die **liefde** gewortel en gegrond is,
18  en julle **in staat** kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,
19  en die **liefde van Christus** te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.
20  En aan Hom **wat mag het om te doen ver** bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,
21  aan Hom die heerlikheid in die gemeente **in Christus Jesus** deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

Openb 21:23  En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.
**24  En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel**, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.



5



**omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;  Fil 1:6**

6